# 28 Julie - MARTA

**Skrifgedeelte: Lukas 10:38-42**
**Fokusgedeelte: Lukas 10:40-42**

Uit die Skrifgedeelte is dit duidelik dat Jesus 'n besondere verhouding met Marta en Maria gehad het. Hy was welkom in hulle huis in Betanië. Marta was blykbaar die een van die twee susters wat die inisiatief geneem het in die huishouding. Marta het Jesus en waarskynlik ook sy dissipels as gaste ontvang. Daarom moes daar 'n ete berei word om aan die gaste voorgesit te word.

Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Daarom pla dit haar dat haar suster Maria by Jesus se voete sit en na Hom luister en haar nie help nie. Marta spreek Jesus direk aan en vra of dit Hom dan nie hinder dat Maria nie help nie. Jesus moet tog vir Maria aanspreek en sê om vir haar te help.

Jesus antwoord Marta: "Marta, Marta jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies en dit sal nie van haar weggeneem word nie." Daardeur sê Jesus dat daar 'n tyd en plek vir alles is. Martha was so bedrywig met die voorbereiding van die ete en tog het dit net tydelike waarde. Maria het by die Here se voete gesit en na sy woorde geluister. Dit het ewigheidswaarde. Dit sal nie van haar weggeneem word nie.

Jesus wys Marta wat die belangrikste is: om aan sy voete te sit en na sy woorde te luister. Daar moet eers geluister word en dan kan daar aan die ander sake aandag gegee word. Eers luister, dan doen. Dit is die regte orde. Eers tyd maak om aan die voete van Jesus sit om deur Hom versterk en bemoedig te word, dan aan die werk spring om in alles Jesus te dien en aan sy opdragte gehoorsaam te wees.

Daar is 'n fyn balans tussen luister en doen. In ons persoonlike lewe, maar ook in ons kerklike lewe moet ons voortdurend daarop bedag wees. Wat is vir ons die belangrikste? Om besig te wees met die dinge van die lewe, of om besig te wees met die Here van die lewe? Om besig te wees met die dinge van die kerk, of om besig te wees met die Here van die kerk?

*Sing: Skrifberyming 43 (15-7):2, 4* *Ds AF Berg (Bothaville)*